REGLEMENT 15

REGLEMENT VIR TENTMAKERPOSTE

1. AARD

1.1 ’n Tentmakerpos is ’n pos vir ’n predikant wat op ’n vrywillige basis vir ’n onbepaalde termyn, vastetermyn of deeltyds ’n bediening in ’n gemeente verrig.

1.2 ’n Tentmakerpos vertoon die karakter van ’n gewone pos vir predikant. ’n Tentmaker is ’n predikant wat op ’n vrywillige basis, soos ooreengekom, ampspligte van Artikel 9 van die *Kerkorde* vervul.

1.3 ’n Tentmakerpos is ’n pos waar geen diensvoordele, vergoeding of kompensasie vir dienste van toepassing is nie.

1.4 Weens die aard van 'n tentmakerspos bestaan daar geen voorgeskrewe verlofreëlings nie en word verlof onderling deur die partye gereël.

2. SKEP VAN POS

2.1 Indien die gemeente ’n tentmakerpos vir ’n predikant wil skep, of om finansiële of ander redes ’n bestaande voltydse pos in ’n tentmakerpos wil omskep, doen die kerkraad ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde.

2.2 Die ring of sy gevolmagtigde keur die tentmakerpos goed, met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede.

2.3 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms.

2.3.1 Uitvoering word gegee aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde*, *Reglement 12 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*, ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.3.2 ’n Tentmakerpos kan nie geskep word om die bevoegdheid van predikant te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2.3.3 Geen vergoeding van enige aard is by ’n tentmakerpos ter sprake nie.

2.3.4 ’n Tentmakerpos is nie pensioendraend nie.

2.3.5 ’n Tentmakerpos het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die amp van predikant in direkte verband staan.

2.4 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.5 By die skep van ’n tentmakerpos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereiste van hierdie *Reglement* voldoen word.

3. BEROEPING EN BEVESTIGING

3.1 By beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 12 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

3.2 ’n Predikant wie se pos van ’n voltydse pos na ’n tentmakerpos verander word, se diensooreenkoms word dienooreenkomstig gewysig, goedgekeur en onderteken, sonder om weer beroep en bevestig te word.

4. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

’n Predikant in ’n tentmakerpos word na meerdere vergaderinge afgevaardig.

5. DIENSBEËINDIGING

5.1 ’n Predikant in ’n tentmakerpos tree by aanvaarding van ’n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom of by verstryking van die kontrak uit diens van die gemeente/kerkverband.

5.2 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.